Ontwikkelaars woedend oor Kaapse brûe

Die Burger 20 Jul 2018 – Marelize Barnard

Omgekrapte eiendomsontwikkelaars in Kaapstad vra of dié stad nog oop is om sake te doen ná die kansellering van die planne om die bekende onvoltooide brûe te ontwikkel.

Die ses konsortiums wat voorstelle ingedien het, het elkeen miljoene rande bestee aan hul planne. Maar die metroraad het die ses Woensdag ingelig dat daar wetlike probleme is met die tenderproses en dat die plan geskrap word.

D eon van Z yl, voorsitter van die Wes-Kaapse Eiendoms ontwikkelings forum, sê :"Al ses die ontwikkelings was vir mul t i miljard rand projekte en van die projekte het internasionale beleggers ingesluit. Met die kansellasie is daar plaaslik skade aangerig aan Kaapstad se reputasie, op nasionale én internasionale vlak."

Die forum het daarom vrae vir die metro:

- Watter proses het die metro gevolg om te verseker dat die versoek om voorstelle aan interne tendervereistes voldoen voordat die private sektor gevra is om hul voorstelle te ontwikkel?
- Watter proses het die metro gevolg om te verseker dat hy die vermoë het om 'n suksesvolle tenderaar te kies?

- Watter boodskap word aan plaaslike en buitelandse beleggers gestuur – is Kaapstad oop vir sake?
- Wie gaan verantwoordelik gehou word vir hierdie mislukking en die koste wat die metro en die private sektor aangegaan het?

Van Zyl sê die grootste vraag is of die private sektor verdere versoeke van die metro vir ontwikkelings voorstelle ernstigs al opneem.

Janine Myburgh, voorsitter van die Kaapse Kamer van Koophandel en Nywerheid, sê die kansellering wys die manier waarop die metro voorstelle aangevra en dit geëvalueer het, het nie voldoen aan wetlike vereistes nie.

Write a comment...

Share Comment Save More

Bump it Dump it

Die Burger
20 Jul 2018 (6)

omgewing was.

"Toe ek op die toneel opdaag, het mense daar saamgedrom en gehuil.

"Hy was nie een dag van sy lies vir ons. Ons sal hoo... so iemand kry nie. Hy was 'n regte staatmaker."

Mars word oorleef deur twee seuns.

Ontwikkelaars woedend oor Kaapse brûe

Omgekrapte eiendomsontwikkelaars in Kaapstad vra of dié stad nog oop is om sake te doen ná die kansellering van die planne om die bekende onvoltooide brûe te ontwikkel.

Die ses konsortiums wat voorstelle ingedien het, het elkeen miljoene rande bestee aan hul planne. Maar die metroraad het die ses Woensdag ingelig dat daar wetlike probleme is met die tenderproses en dat die plan geskrap word.

Deon van Zyl, voorsitter van die Wes-Kaapse Eiendomsontwikkelingsforum, sê: "Al ses die ontwikkelings was vir multimiljardrand-projekte en van die projekte het internasionale beleggers ingesluit. Met die kansellasie is daar plaaslik skade aangerig aan Kaapstad se reputasie, op nasionale én internasionale vlak."

Die forum het daarom vrae vir die metro:

- Watter proses het die metro gevolg om te verseker dat die versoek om voorstelle aan interne tendervereistes voldoen voordat die private sektor gevra is om hul voorstelle te ontwikkel?
- Watter proses het die metro gevolg om te verseker dat hy die vermoë het om 'n suksesvolle tenderaar te kies?
- Watter boodskap word aan plaaslike en buitelandse beleggers gestuur – is Kaapstad oop vir sake?
- Wie gaan ...